

Inhoud Kerspreek Hierdie preek wys dat die Here ons verlos uit die geloof dat die gevolge van ons eie magspeletjies is sy lot vir ons. Met hierdie ongeloof leef ons in die mag van ons vyande deur dat ons hulle mag oor ons ervaar as liefde vir ons. God maak ons sonde nie ons lot nie maar maak ons beurt vir sy straf en ons saak met God, sy beurt en sy saak. Dit doen Hy deur in ons plek mens te word op Kersdag sodat ons nooit weer ons sonde en die gevolge van ons sonde as God se lot vir ons kan glo nie. Ons glo en leef nou uit God se ontferming.

Skriflesing: Lukas 1:67-79; Jesaja 58:1-7; Jesaja 61:1-9; Lukas 4:16-21:

Teks: Lukas 1:69 & 71: *“⁶⁹’n Kragtige verlossing het Hy vir ons bewerk uit die nageslag van Dawid sy dienskneg, ...⁷¹ verlossing van ons vyande en uit die haat van almal wat ons haat.”*

Tema: Christus maak ons saak sy saak en ons beurt sy beurt

1. Kersfees is die blydskapsfees dat God Homself ons Verlosser gemaak het.

Verlosser waarvan? Waarvan verlos die Here ons? Die Here verlos ons van hierdie goddelose hart en houding: Jou beurt is jou beurt en jou saak is jou saak!

Die Here Jesus self kondig aan dat Hy ons so verlos in die sinagoge in Nasaret wanneer hy uit Jesaja lees en wys dat Hy gesalf is met die Heilige Gees om vir ons die genadejaar van God te begin..

Die Here verlos ons uit die mag van die goddeloosheid, ’n goddelose hart, wat Jesaja in 58 vers 5 só aankondig: *“⁵Is dit ál wat Ek op ’n vasdag wil hê: net dat ’n mens homself verneder, dat hy sy nek buig soos ’n biesie en in sak en as sit? Noem jy dít ’n vasdag, ’n dag waarvan die Here hou?”*

In hierdie vers beskryf Jesaja Israel se goddelose hart en houding teenoor die ballingskap. Die Israeliete het al hulle besittings, eie land, leefwyse verloor om slawe te wees van die magsug, heerssug en gierigheid van die goddelose Babiloniërs.

Teenoor God reageer hulle in die balling met hierdie houding: voor God buig hulle nek met geboë hoofde in ’n tipe aanbidding soos ’n biesie in ’n sterk wind en verneder hul self deur in die openbaar in sak en as te sit. Hulle het dit regtig gedoen - in sak en as gaan sit. Met hierdie deemoedige houding teenoor God wys hulle hul ingesteldheid teenoor God oor die ballingskap: jou beurt is jou beurt en jou saak is jou saak!

Dit is ’n goddelose deemoedigheid wat die gevolge van hulle eie sonde voorgehou het asof dit God is wat hulle lot verseël het. Hulle het gemaak of dit hulle lot is om deur hierdie magtige ryk oorweldig, gemoor, geplunder en verslaaf te word. Wat met jou gebeur is jou lot! Hulle goddeloosheid is om te maak asof God jou lot bepaal met sy Almagtigheid en wispelturigheid. Nek buig is die geestelike selfvernederling dat jy jou willoos en gediensdig onderwerp aan die lot wat God vir jou bepaal het: “God se lot vir ons is om ons te laat moor, plunder en te laat verslaaf.”

Christus maak ons saak sy saak en ons beurt sy beurt

Nek buig soos 'n biesie voor God se magtigheid waarmee Hy jou lot verseël, is die ongeloof in God: jou beurt is jou beurt! In sak en a sit, is om 'n openlike godsdienstige demonstrasie te gee dat dit jou beurt is om deur God verneder te word en jy jou beurt om deur God verneder te word aanvaar!

Dit is die goddeloosheid wat hierdie Israeliete in die ballingskap vasgegryp het en waaraan hulle hulleself in ongeloof oorgegee het: God het ons het ons in hierdie ellende gedompel en ons gee ons oor aan hierdie ellende waarin God ons gedompel het. God maak jou beurt, jou beurt! Ons aanvaar dit van God! Dit is Israel se goddeloosheid!

2. Hoe het hierdie ongeloof en goddeloosheid teenoor God hulle verbintenis tot hulle mede-Israeliete in ballingskap bepaal?

Hierdie geloof in God, “jou beurt is jou beurt”, het gemaak dat hulle teenoor mekaar die houding ingeneem het van: “jou saak is jou saak.”

Hulle ongeloof in God was: “God het ons verneder deur sy Almagtigheid en sy soewereine besluit, deur ons aan goddeloses se begeertes en drifte uit te lewer, nou is elkeen se saak sy eie saak. Elkeen vir homself!” Want elkeen se swaarkry is te veel vir een. Daar is nie nog krag en tyd vir ander se swaarkry en ellende nie.

Dit was die ingesteldheid van die Israeliete teenoor mekaar as mede-ballinge. 'n Gemeenskap wat tot 12,000 groot kon gewees het. 'n Gemeenskap wat as slawegemeenskap vir eie huise, kos, klere en gesondheid in die vreemde moes sorg.

“Jou saak is jou saak”, is die slawehouding van alle mense wat glo God het hulle lot om swaar te kry en ellendig te wees, verseël.

3. Jesaja se oproep tot geloof en gehoorsaamheid aan God mag u nie sien as die oproep tot welsynsdiens en maatskaplike werk nie. Dit kan maklik só misverstaan word in sy oproep: *“⁶Is die vas wat Ek wil hê, nie dit nie: om dié wat onregverdig gevange gehou word, te bevry, om die juk wat op mense druk, af te haal, om verdruktes vry te maak, om elke juk te breek? ⁷Is dit nie dat jy vir dié wat honger is, van jou brood gee nie, dat jy aan die armes en die dakloses 'n blyplek gee nie, dat wanneer jy iemand sonder klere sien, jy vir hom klere gee nie, dat jy jou medemens nie aan sy lot oorlaat nie?”*

Dit gaan nie oor 'n gebrek aan welsynswerk nie, maar soos dit gestel word oor 'n geloof in God wat mense aan hul oortreding oorgee en daarom ook die houding om mense kamstig aan hul sogenaamde lot geregverdig te mag oorlaat as 'n vorm van vroomheid in deemoedigheid teenoor God. Daarom gaan die “juk” en “onreg” nie allereers oor maatskaplike werk en armsorg nie. Dit gaan oor dit wat Jesaja só beskryf:

“²Hulle vra wel elke dag na my wil, asof hulle graag wil weet wat Ek van hulle verwag. Hulle gee voor dat hulle 'n nasie is wat doen wat reg is en hom aan die bepalings van sy God hou. Hulle vra My wel om regverdige beslissings asof hulle van my teenwoordigheid hou.”,

Christus maak ons saak sy saak en ons beurt sy beurt

Die wyse egter waarna hulle na God se wil vra is om hulle nekke voor die Almagtigheid van God te buig en te glo Hy het hulle lot vir swaarkry en ellende verseël. Hulle vra na God se wil as mense wie God aan hulle lot oorgegee het en wat God kamstig wil deur die selfvernedering om jou aan jou lot oor te gee asof dit God is wat jou daaraan uitlewer.

In hierdie ongeloof om jou aan God se lot oor te gee, kan jy nie meer God wat jou liefhet en in sy liefde versorg liefhê nie. In die plek van liefde vir God volgens die reg en geregtigheid van sy wet, maak mense asof selfvernedering nou gehoorsaamheid aan God se wet is. In hierdie ongeloof hoor jy nie meer die eis van liefde vir reg en geregtigheid volgens God se wet nie. Jy hoor in die plek van liefde, selfvernedering en oorgawe aan God se mag.

En in hierdie ongeloof in God se mag en oorgawe aan God se mag, verloor die wet van God sy betekenis: om in en uit liefde vir God jou naaste lief te hê volgens die reg en geregtigheid van die wet van God.

In hierdie ongeloof in God se magtigheid en jou selfvernedering voor sy Almagtigheid as oorgawe aan jou lot, vra jy nog na die wet, maar het die wet sy betekenis en bedoeling – liefde en diensbaarheid – verloor.

Oorgawe, onderworpenheid en gediensdigheid aan die mag van God se lotsbesluite, het die liefde en diens van die wet van God vervang. Daarom vra hulle nog na God se wil asof hulle wil weet wat Hy verwag, maar in hulle houding om hulle nekke soos biesies voor 'n magtige wind te buig, kan hulle nie meer die diens en liefde wat God in die wet verwag, hoor nie.

4. Waarvan het Jesus ons kom verlos?

Sagaria, Johannes die Doper se pa, stel dit só:

Die kragtige verlossing van Jesus Christus is om te bevry van ons vyande en almal wat ons haat. Die Here Jesus is is die sterk Verlosser wat ons uit die mag van ons vyande en haters verlos. Hy verlos ons uit magsdrif van goddeloses om ons van hul begeertes te onderwerp en daarmee te oorheers.

Hierdie “hand” van almal wat die kerk en gelowiges haat, sien ons in die ballinge se ongeloof voor en tydens die ballingskap!

Israel is bedoel om die Here se verbondsvolk te wees. Om dienaars en priesters vir God te wees: om binne God se trou en verbondsgenade hulself aan God se roeping en wet in liefde toe te wy. (Jes. 61: 6); om binne God se verbondstrou verbind te wees aan die reg van God se wet. (Jes. 61:8) Maar Israel het hulleself nie meer as dienaars en priesters vir God, as sy verbondsgemeenskap, gesien nie. Hulle het hulleself gesien as 'n magtige moondheid en rolspeler tussen ander magtige moondhede.

In hierdie verandering van hulle verbondstatus na magsinstelling, het hulle die opkomende mag van Babilon bewonder en hulleself oopgestel vir hierdie mag in die passie om in hierdie mag te kan deel:

Christus maak ons saak sy saak en ons beurt sy beurt

²Hiskia was bly oor die gesante en hy het hulle sy skatkamers gewys met die silwer, die goud, die kruie en die geurige olie, sy wapenkamer en alles wat in sy voorraadmekers was. Daar was niks in sy paleis en in sy koninkryk wat Hiskia die gesante nie laat sien het nie.

³Toe kom die profeet Jesaja na koning Hiskia toe en sê vir hom: “Wat het daardie mense gesê en waarvandaan kom hulle?” ⁴Hiskia het geantwoord: “Hulle het uit ’n ver land na my toe gekom, uit Babel.” ⁵“Wat het hulle in jou paleis gesien?” vra Jesaja. En Hiskia antwoord: “Hulle het alles gesien wat in my paleis is. Daar is niks van my skatte wat hulle nie gesien het nie.” ⁶Toe sê Jesaja vir Hiskia: “Luister wat sê die Here die Almagtige: ⁷Daar kom ’n tyd dat alles wat in jou paleis is, weggedra sal word na Babel toe, al die skatte wat jou voorvaders en jy tot nou toe versamel het. Daar sal niks oorbly nie, sê die Here.” ⁸“Van jou eie seuns wat uit jou gebore is, sal gevat word, en hulle sal diens doen in die paleis van die koning van Babel.” (Jes.39)

Hierdie verandering van hulle verbondstatus na mag, gaan oor die verandering van liefde as diens aan God volgens sy wet, na mag. Hiskia het wat hy geglo het sy eie mag aan die Babiloniërs vertoon om deur hulle bewonder te word, terwyl hy weer hulle magsvertoon bewonder het. Dit is die goddeloosheid waarin liefde mag en magtigheid is.

Die mag van die vyande en haters van God se volk, is dat hulle mag voorhou as liefde en só in hulle eie mag glo dat hulle glo ander mense moet hulle mag oor hulle as liefde ervaar. Dit is die mag van alle goddeloses oor die kerk van die Here: ons mag oor julle moet julle glo is ons liefde vir julle!

Dit is die blindheid waarvan die Here sy kerk verlos – om afhanklikheid van mag te beleef as liefde en om oorgawe aan mag te ervaar asof dit jou liefde is.

5. Wat is die gevolge van hierdie blindheid?

Waar gelowiges hulle diens aan God verlaat en hulle oorgee om deur hierdie goddeloosheid in besit geneem te word: mag is liefde, afhanklikheid van mag is om lief te hê en om aan mag onderwerp te word is hoe mense my liefhet – word die kerk van die reg van God se wet vervreem, word hulle in hierdie ongeloof onderdruk, as mense deur die mag van ander in gevange geneem en aan die begeertes van goddeloses onderwerp.

In die blindheid dat hierdie onderwerping aan die mag van goddeloses is hulle lot, buig mense dan in hul eie goddeloosheid hul nekke voor God soos biesies in ’n magtige wind. Hulle glo God het hierdie onreg, onderdrukking, armoede en gevangenskap as lot oor hulle gebring.

Hulle glo die mag van goddeloses oor hulle, is hul ot en hulle moet hul daaraan onderwerp en daarin in selfvernedering oorgee.

Vir hierdie bevangenskap in die mag van goddeloosheid het Jesus Christus bevryding gebring en kragtige verlossing vir ons bewerk!

- Christus bevry ons van hierdie tipe blindheid: mag is liefde!

Christus maak ons saak sy saak en ons beurt sy beurt

- Christus verlos ons van die gevangenskap om die mag van jou oorheersers te bewonder en jouself aan hulle mag oor te gee.
- Christus verlos ons uit die selfvernederings om die mag wat jou plunder en verniel te glo as liefde wat aan jou bewys word.
- Christus bevry ons van hierdie tipe onderdrukking: om jouself nie meer binne die reg van God se wet te kan handhaaf nie, maar gedienstig te moet wees aan die begeertes en drifte van hulle wie se mag jy as liefde geglo het.

Christus is die Verlosser van hierdie blindheid in goddeloosheid en afgodsdienste wat Jesaja só stel, teenoor die diens waarvoor Israel vir God bedoel is:

“²⁰Iemand wat hom met as besig hou, laat hom mislei deur sy eie verdraaide opvattinge. Hy kan homself nie red nie, hy vra homself nie af: “Is dit nie ’n leuen waarmee ek my besig hou nie?” ²¹Dink hieraan, Jakob, dink hieraan, Israel, want jy is my dienaar; Ek het jou gemaak, jy is my dienaar. Ek sal jou nie verlaat nie, Israel.” (Jes. 44)

Hierdie verdraaide opvatting van mag is liefde, is ’n geestelike leuen waarin mense vasgevang word. Dit is die werking van elke sonde in die huwelik, in besigheid, in ouerskap, in vriendskap en in elke gemeenskap: mag is liefde, is die kern van elke verdraaide opvatting. Elke sonde is niks anders as ’n verdraaide opvatting nie.

In ons blindheid sien ons nie ons eie magshouding as die oorsaak van ons ellende nie, maar maak ons God die beskikker van hierdie lot: buig ons kamstig soos biesies voor die magtige God se lotbepalings: armoede, onderdrukking, gevangenskap, onreg en onderdrukking.

6. “Jou beurt is jou beurt! Jou saak is jou saak!” is goddeloosheid. Christus is die sterk Verlosser wat ons presies net op die teenoorgestelde wyse verlos.

Christus is nie die sterk Verlosser voor wie ons as die magtige wind van God voor koppe soos biesies moet buig, of voor voor wie ons in sak en as oor ons sonde moet gaan sit en ons vir ons sondes voor hierdie magtige Verlosser moet verneder nie.

Christus is die sterk en kragtige Verlosser wat presies net die teenoorgestelde doen: Christus is die Here wat ons beurt sy beurt maak en ons saak sy saak maak. Nie die god voor wie jou beurt, jou beurt en jou saak, jou saak is nie, maar die Here wat ons beurt sy beurt en ons saak sy saak maak!

Sagaria stel dit só: Dit het hy gedoen om ontferming aan ons voorvaders te bewys en sy heilige verbond in gedagte te hou, die eed wat Hy teenoor ons vader Abraham gesweer het sodat ons, gered uit die hand van ons vyande, Hom sonder vrees sou dien en al die dae voor Hom in heiligheid en geregtigheid kan leef.”(Luk. 1: 72 – 74)

Dit is wat op Kersdag gebeur! Jesus Christus maak dat ons al die dae van ons lewe, van kleinsaf tot ons oud en afgeleef is, en daarna tot in die ewigheid voor god in heiligheid en geregtigheid kan leef. In heiligheid leef beteken God laat ons liefde vir Hom volkome wees en in geregtigheid leef beteken God laat ons liefde vir Hom altyd reg wees, al is dit nie hoe ons liefde regtig is nie.

Christus maak ons saak sy saak en ons beurt sy beurt

Hoe kan dit ooit waar wees dat ons altyd in heiligheid en geregtigheid in ons liefde voor God leef, as ons dit amper nooit so kan regkry nie? Dit is omdat Christus se verlossing so kragtig is. Sy verlossing maak ons beurt sy beurt en ons ons saak sy saak!

Jesus word deur sy geboorte op Kersdag die heilige mens voor die wet van God (Luk. 1:35; Hand 3:13) en die regverdige mens voor die wet van God. (Hand 3:14; 7:52;22:14)

Op hierdie wyse maak God ons beurt sy beurt. Ons beurt om self heilig en reg in ons liefde vir god te wees, maak die Here sy beurt. Hy vat ons beurt as sy beurt! Hy word die regverdige en heilige mens wat ons nie vir Hom kan wees nie, in ons plek. Heilig en regverdig nie as onbereikbare en onbillike ideaal nie, maar heilig as volkome in liefde, en regverdig as reg in liefde.

Christus maak ons saak sy saak deur as heilige en regverdige geoordeel te word, gekruisig te word en te sterf as onheilige en onregverdige mens voor God. Ons saak was om as onheilige en onregverdige sondears veroordeel, vervloek, gestraf en verwerp te gewees het. Dit is ons saak met God! Maar Christus het ons saak sy saak gemaak! As heilige en regverdige mens is Hy die veroordeelde, vervloekte, gestrafte en verwerpte mens voor God gewees. Ons saak is sy saak!

Op hierdie wyse, Hy maak ons beurt sy beurt en ons saak sy saak, maak Christus ons wat altyd in ons liefde vir God onheilig en onregverdig is, heilig en regverdig: Hy laat ons deel in wie Hy in ons plek as mens is.

Christus is ons sterk Verlosser deur ons beurt sy beurt te maak. Ons beurt om bevrees te wees vir God omdat ons onder die woede, toorn, oordeel, grimmigheid en haat van God moet staan, maak Hy sy beurt in sy lyding en kruisiging: Hy word die mens in God se woede, haat, oordeel en verwerping.

Sy beurt om in God se liefde, goedheid en guns mens te wees, maak Hy ons beurt op só 'n wyse dat Sagaria verkondig dat ons, in Christus, God nou onbevrees kan dien. Onbevrees dat ons beurt ons eie beurt voor is God en ons saak is ons eie saak voor God!

8. Die kragtigheid van Christus se verlossing is nie sy Almagtigheid, nog minder sy eiewilligheid of wispelturigheid om te maak en te breek net soos Hy wil en dat dit nou maar ons lot is nie. Christus is ons sterk Verlosser omdat Hy die ewige verbond van God met Dawid in 2 Sam. 7, waarmaak (Luk. 1:3-1-33; 1:69) en die ewige verbond van God met Abraham, vir ons waar en werklik maak. (Luk.1:71-75.)

Ons leef nie onder die magtigheid van God wat ons lot bepaal en verseël nie.

Ons leef in die seën van die verbond van die Here: die verbond wat Hy vervul deur ons beurt sy beurt te maak, en ons saak sy saak te maak. Daarom vervul Christus die belofte van Jesaja 61: Almal wat na my volk kyk, sal besef dat hulle 'n volk is wat deur die Here geseën is.

Christus maak ons saak sy saak en ons beurt sy beurt

Hierdie seën van God mag ons nie gaan misverstaan as die voorspoed en geluk van ons eie drifte en begeertes nie.

Die seën dat ons onbevrees vir die Almagtige, Hom in die heilige en regte liefde kan dien as priesters en dienaars van God, soos Hy onderneem het om sy verbondsvolk te laat wees: gelowiges wie se liefde en diens aan God, geheilig en reg is vir God.

Die seën dat God nooit sy kerk aan hulle lot oorgee, sodat hulle hulleself soos biesies in die wind moet buig voor die lot wat God vir hulle verseël het, en in sak en as hulleself moet verneder om te wys dat hulle hulle ellende sien as die lot van God nie.

Omdat die Here ons sterk Verlosser is en ons beurt sy beurt maak, en ons saak sy saak, kan en mag ons God nie onteer in hierdie ongeloof nie.

Wie glo en leef uit die wete van die seën van God, leef ook anders – leef met die wete dat die Here ons seën, en ons in hierdie geseëndheid mekaar kan raaksien en aanvaar. Anders as mense wat elkeen sy eie lot moet aanvaar en dra.

9. Dit is die ontdekking wat ons as kerk weer opnuut op Kersdag moet maak:

Ons leef nie onder die lotsbeslissing van 'n Almagtige God voor wie ons beurt ons beurt, en ons saak ons saak is nie.

Ons leef in die seëninge van 'n genadige en barmhartige God, wat ons beurt sy beurt gemaak het, en ons saak sy saak gemaak het.

Hierdie verlossing van die ongeloof in God se lot vir ons eie magsbedrywe en ons eie oorgawes en oornames van mekaar in ons eiemagtighede, asof dit ons liefde vir mekaar is, maak dat ons weer innerlik tot mekaar in werklike liefde verbind is.

Die liefde volgens die eise van die wet van God, liefde in heiligheid en liefde in geregtigheid. Onbevrees toegewy aan God en mekaar in die volkome en regte liefde, wat ons toegereken is in Christus.

In hierdie liefde waarin ons ons geseëndheid ken in die wyse waarop ons Verlosser ons seën, herken, sien, voel en ervaar ons elke naaste se saak ook as ons saak, en ons naaste se beurt as ons beurt: kan ons nooit ons naaste binne die geloof in ons eie geseëndheid, oorgee aan hulle lot nie.

Dit is tog wat ons met die gee van geskenke vir mekaar op Kersfees wys: ons leef geseënd, en in die dankbaarheid van ons geseëndheid, gee en deel ons ons lewe met mekaar.

10. Ons mag onself nooit misgis met die diepte van ons eie sonde om ons drifte as liefde te leef, en die blindheid waarin ons onself in hierdie verwronge liefde oorgee nie.

Ook nie met ons eie minagting vir God om Hom te onteer met 'n gemaakte gediensdigheid en onderworpenheid waar ons die swaarkry, armoede, ellende,

Christus maak ons saak sy saak en ons beurt sy beurt

onderdrukking en gevangenisskap wat ons eie verwronge liefdes oor ons bring, toeskryf as die lot wat God oor ons gebring het nie.

Hierdie geestelikheid om voor God jou nek soos 'n biesie voor 'n magtige wind te buig, sonder enige liefde vir God en sy wet, om voor God in sak en as te gaan sit om te wys hoe jammer ons oor ons lot is, is die verwronge geestelikheid van die moderne Christelikheid.

Dit word vandag as versoening en berou oor sonde gepreek. Om jou te onderwerp aan God se lot is goddeloosheid, nie versoening nie en om in sak en as te sit oor God se lot vir jou, is ook goddeloosheid, nie gerou oor sonde nie. Christus het gekom om ons van hierdie goddeloosheid te verlos. Christus is die môreson wat oor hierdie duisternis waarin ons leef te skyn en ons te verlig om priesters en dienaars vir God te wees.

Hoe kan ons aanhou maak asof ons ons koppe kamstig eerbiedig voor God buig soos biesies in 'n magtige wind asof ons ons swaarkry as God se lot aanvaar, as die Here ons beurt vir ons sondes sy beurt gemaak het? Hoe kan ons maak asof ons in sak en as voor God moet gaan sit oor, selfvernederd oor ons lot, wanneer die Here self die saak van ons sondestraf en oordeel sy saak gemaak het?

As die Here ons die beurt van ons sonde en die saak van ons sondestraf syne gemaak het om ons in sy liefde en trou te laat leef, ons liefde vir Hom te heilig en reg te maak met alles wat ons nie volkome en reg kan doen nie, hoe kan ons nog vir onself 'n god opmaak wat ons lot bewerk deur sy magtigheid sodat ons beurt ons beurt is en ons saak ons saak is?

11. Ons is die Kersfeesgemeenskap, die verbondsgemeenskap wat leef in die seën van God wat ons beurt sy beurt laat wees, en ons saak sy saak laat wees. Ons is verlos van die blindheid dat God kamtig ons lot verseël en ons daarom in sak en as moet gaan sit. .

God bevry ons. Hy verseël nie ons lot nie. Ons dien God vrymoedig volgens sy wet in die geloof dat ons diens altyd heilig en reg is. Ons gaan sit nooit in sak en as voor God nie. As sondaars wat regtig sonde doen, kan ons onbevrees God dien in die wete dat, ten spyte van ons sonde, is ons God se priesters en dienaars: is ons liefde vir Hom heilig en regverdig deur Christus, ons Sterk Verlosser. Ons is mense wat geseën is deur God! Daarom kan ons nooit ons naaste ooit sien as iemand wie se beurt sy beurt en se saak sy saak is nie. Ons sien ons naaste altyd as mense wie ons volgens die reg en geregtigheid van God se wet moet liefhê omdat die Here ons beurt en saak Syne gemaak het.

U moet uself weer vanoggend ontdek as God se geseënde kind vir wie die Here jou beurt, sy beurt en jou saak sy saak gemaak het. Dan sal jy in die verlossing leef van die Here! Hy sal jou uit jou goddelose ingesteldheid verlos om jouself en mense só te sien en só teenoor jouself en ander op tree – jou beurt is jou beurt en jou saak is jou saak!

Christus maak ons saak sy saak en ons beurt sy beurt

Kom ons leef in die seën van God, en leef as geseëndes van God, met God en ons naaste! *“⁶Julle sal genoem word: Priesters van die Here, Dienaars van ons God.” “Almal wat na my volk kyk, sal besef dat hulle ’n volk is wat deur die Here geseën is.”*

Ons wens mekaar vandag die seën wens toe: “Geseënde Kersfees.” Dit is presies wie ons in Christus is: ons is God se geseëndes! Ons is God se geseëndes omdat Christus ons beurt voor God en ons saak voor God, sy beurt en sy saak gemaak het sodat net in God se ontferming kan leef, sonder dat ons ooit voor God ons eie beurt sal kry of God teen ons ’n eie saak sal maak.

Kom ons glo Christus vandag ook weer só vir mekaar! Dan sal ons nie vir mekaar beurte en teen mekaar sake maak nie, maar sonder beurte en sake mekaar net kan liefhê volgens die reg en geregtigheid van die Here Jesus Christus se wet.

Eksegetiese notas:

- Die aankondiging van Jesaja gaan oor die verbondstrou van God aan Israel.
- Die verlossing gaan oor die bevryding uit die mag van hulle wat in hulle afgodsdienste, Israel gedienstig aan hulle eie begeertes maak. Babilon.
- Die vryheid gaan oor die vryheid om God weer as priesters en dienaars te dien.
- Daarom moet die moedeloosheid en gevangenisskap gesien word in terme van die druk om God nie te kan dien in die vryheid van goddeloosheid en afgodsdienste nie.
- Jesaja 58 gaan oor die kontras tussen afgodsdienste en godsdienste in die gemeenskap van Israel in die ballingskap – seremoniële geestelikheid teenoor die onderhouding van die eis van liefde in die wet van God.
- Veral dan met die klem op “elkeen aan sy eie lot oor te laat” as die magshouding van “elkeen sorg vir homself”, teenoor “ons leef almal uit die seën van God”.